



Sý weg maak gelukkig

Teks vir die preek:

“n Bedevaartslied. Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees, wat in sy weë wandel!”

Psalm 128:1

C Kleijn

© by skrywer - 2014
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 71:1, 2, 4
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 71:9, 10
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 128
7. Teks: Psalm 128:1
8. Preek
9. Sing Psalm 128
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 133
13. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

So op die eerste gesig ontvang ons in Psalm 128 'n idilliese tekening van die lewe van die gelowige. Die Psalm begin met 'n algemene uitspraak: Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel. Dis nie net 'n gelukwensing nie, maar 'n konstatering: Elkeen wat die Here vrees is gelukkig, mag geniet van die hoogste mate van geluk.

Let daarop dat hierdie geluk nie net vir enkele godvresendes is nie. Daar word uitdruklik gepraat van elkeen wat die Here vrees. Dit beskryf die ervaring van elke persoon, sonder uitsondering, wat in die vrees van die Here wandel. Elkeen van hulle gaan deur die lewe met hierdie geluk.

In die verse 2 en 3 word hierdie algemene beginsel dan persoonlik toegepas. Jy mag geniet van die vrug op jou arbeid. Jy mag ook geniet van 'n gelukkige huislike lewe. Vers 4 vat dit dan saam met die woorde: kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die Here vrees.

Nou gemeente, lyk die werklikheid dikwels nie totaal anders nie. Gaan dit werklik altyd goed met diegene wat die Here vrees? Beleef elke Christen gesondheid, voorspoed en huislike geluk? Jy moet maar as Christen ernstig siek wees of werkloos of straatarm. En daar is tog ook Christene wat geen huislike geluk ervaar nie? Christene wat ongetroud bly, geen kinders ontvang nie of met 'n ongelukkige of gebroke huwelik of gesinslewe te make het. Is hulle dan nie ware Christene nie soos sommige mense of groeperings beweert? Wandel hulle nie werklik in die vrees van die Here nie, soos die "health and wealth" beweging ons probeer wys maak?

Gemeente, bewys die ervaring nie dikwels die teenoorgestelde van wat die Psalmis in Psalm 128 noem nie? En praat die Bybel ook nie oor die teëspoed van die regverdige nie. Dink aan Psalm 34:20 waar ons lees: Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige. Kasty die Here nie juis diegene wat Hy liefhet nie? Wat van gelowiges soos Dawid, Jeremia, Job en Paulus, asook soveel andere wat swaare beproewings moes deurmaak? Wie is swaarder beproef as juis Job "n man vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad"?

Oppervlakkig beskou wil dit voorkom of dit wat die Psalmis hier in Psalm 128 beweer, in stryd is met die res van die Bybel en met ons eie ervaring, of dat dit tenminste 'n skewe voorstelling van die werklikheid is. Immers, dit gaan beslis nie altyd voor die wind met die gelowige nie. Die waarheid is eerder dat die meeste gelowiges ten minste op die een of ander tyd swaar beproef word en deur dieptes moet gaan.

Kan ons die woorde van ons teks dan wel handhaaf? Hoe moet ons hulle verstaan?

Kom ons kyk dieper na die woorde van die teks. Ons kan dit saamvat met die woorde: Gelukkig is elkeen wat die Here van harte dien. Ons kyk na wat daar staan en na wat dit vir ons vandag beteken.

“Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel.” Soos ek eerder genoem het is dit 'n konstatering. Gelukkig is daardie persone, ja hulle is geseënd. En wie is die hulle. Dis elkeen wat die Here vrees. Wat beteken dit om die Here te vrees? Dit wys op kinderlike ontsag vir die Here. Jy dink baie groot van jou Verbondsgod. Let op die gebruik van die Naam HERE met hoofletters, Jahwe, die God wat Homself as die almagtige en getroue Verbondsgod bekendgemaak het, as die God op wie jy kan staatmaak: Ek is wat Ek is, Ek is wat Ek belowe het te sal wees. Wanneer jy die HERE vrees dan dink jy baie van sy liefde en trou, maar tegelykertyd staan jy nie onverskillig teenoor sy toorn nie. Jy neem die HERE God ernstig op in alles, in sy liefde en in sy toorn.

Dit blyk dan ook in jou dade. Daarom vervolg die teks: wat in sy weë wandel. Die vrees van die Here is nie net 'n saak van die hart nie. Dit moet ook gesien word, in dade omgesit word. Wie die Here vrees, wandel in sy weë. Jy soek en volg sy leiding in jou daaglikse lewe, in jou werk en studie, in jou omgang met mense, in jou huwelik en gesin.

Wie dit doen is gelukkig, is geseënd, sê die digter. In vers 4 vat die digter dit weer saam met die woorde: “Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die HERE vrees”. Let daarop dat hier die geluk of seën nie gedefinieer word nie. Ons kry in die verse 2 en 3 wel voorbeelde van die seën, maar daar word nog nie gesê waarin die seën van die Here ten diepste bestaan nie. Vers 5 wys ons wel in 'n sekere rigting wanneer dit praat van die seën van die Here uit Sion. “Mag die Here jou seën uit Sion”. Dit wys dat die seën nie opgaan in aardse rykdom of voorspoed nie. 'n Mens kan hier op aarde baie ryk wees, dit kan lyk asof alles met jou voor die wind gaan. Maar is jy daarmee outomaties gelukkig, geseënd? Is

elke persoon wat baie aardse geluk ervaar, geseënd, terwyl die arme persoon wat in 'n moeilike situasie verkeer sonder God se seën leef? Beslis nie. Aardse voorspoed beteken uiteindelik niks as dit nie in die konteks van die verbonds seëninge ervaar word nie. Die aardse voorspoed kan juis sonder die seën van die Here 'n vloek wees. Elke ware seën kom uit Sion. Waarom uit Sion? Sion is die plek waar God sy volk ontmoet. Waar God sy seëninge wil uitdeel. Sion is in die OT die plek waar die offers gebring is, waar die bloed gevloei het tot versoening van die sondes. Sion is die plek van die herstelde gemeenskap met God.

Waarin bestaan dan veral die seën van die Here? Dit gaan veral oor geestelike seëninge wat in en deur Jesus Christus ontvang word. Dit gaan veral oor die liefde en gemeenskap met die Here. Psalm 133 vat dit so saam: “daar (in Sion), gebied die Here die seën, die lewe tot in ewigheid”. Ja, die lewe tot in ewigheid. Daaroor gaan dit veral in die seën van die Here uit Sion. Jou lewe bloei opnuut in die gemeenskap met die lewende God. En daardie lewe bly tot in ewigheid. Niks en niemand, geen teenspoed, geen siekte of fisiese dood kan dit van jou wegvat nie.

Gemeente, as 'n mens besef dat die seën van die Here veral in daardie ewige gemeenskap met God bestaan, kyk jy ook anders na die woorde van ons teks. Jy kan gelukkig en geseënd wees ook wanneer dinge moeilik gaan, jy het die Here as jou hoogste en blywende skat. So kon Paulus en Silas in die tronk te Fillppi lofsange sing tot eer van die Here. Hulle was gelukkig in die Here. So kyk ons ook anders na die voorbeelde van seën wat in die verse 2,3 genoem word. Ons lees in vers 2: “Die opbrengs van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy en dit gaan goed met jou”. Praat die Here hier van aardse rykdom, groot winste, 'n hoë inkomste en van gerieflike lewe sonder teenslae? Is jy net gelukkig en gaan dit net goed met jou as jy 'n groot beloning vir jou werk ontvang en ruim kan lewe? Nee, dit gaan hier ook gelukkig wees in die Here. Dat jy sy seën ervaar in jou daaglikse werk en in die daaglikse onderhoud van jou lewe, ook al moet jy hard werk vir 'n karige inkomste. Jy leer om met 'n karig deel tevrede te wees. Jy ontvang alles uit Vader se hand. Jy sien dat God as 'n Vader jou voed en versorg.

Vers 3 praat dan ook van huislike geluk: “Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel.” Beteken dit dat elke persoon wat die Here van harte dien, getroud is en kinders het? Die digter gaan hier uit van die situasie van getroud wees en van die kinderseën. Indien die man getroud is, sal vrou en

kinders sy geluk vermeerder. Hier word die beeld van wingerdstok en olyfboom gekombineer. Beide plante het in Israel baie beteken en 'n beeld gevorm van voorspoed en geluk. Dit was tekens van vrugbaarheid en krag. Die gesin word hier voorgestel as 'n tuin van die Here, 'n tuin wat die Here wil seën. Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne in jou huis. Dis 'n seën as die vrou kinders ontvang. Kinders kry is nie 'n las nie, maar 'n seën. Kinders is egter nie die enige vrug wat die vrou dra nie. Die wingerdstok produseer nie net druiwe nie. Dit produseer ook blare, skaduwee, skoonheid, vreugde. 'n Godvresende vrou is ook vrugbaar in die Christelike deugde wat sy wys, in haar vriendelikheid, hulpvaardigheid, fyngvoeligheid, wysheid, liefde en trou. Hierdie geluk is nie afhanklik van kinders nie, maar word wel deur kinders vermeerder. Daarom is 'n huwelik sonder kinders ook nie 'n mislukking nie. Die godvresende man en vrou kan baie vir mekaar beteken en van mekaar ontvang, 'n seën vir mekaar wees, ook as daar geen kinders is nie.

God heg baie waarde aan hierdie seën van huwelik en gesin. Laat ons oopstaan vir hierdie gawes en as ons hierdie gawes ontvang, laat ons dit as seëninge van die Here beskou. Seëninge wat Hy vanuit Sion wil skenk, tot vreugde van sy kinders en tot heil van Jerusalem, sy kerk.

Gemeente, die twee voorbeelde wat die Psalmis in die verse 2 en 3 noem, naamlik dat jy van die vrug van jou arbeid en van 'n gelukkige huislike lewe mag geniet, is konkrete seëninge wat God aan sy Ou Testamentiese volk dikwels belowe het. God het Israel 'n afsonderlike land belowe, die aardse Kanaän. God het ook 'n afsonderlike volk belowe waaruit Jesus Christus gebore moes word. God se seën was dus veelal verbind aan uiterlike en materiële welsyn met die oog op die koms en geboorte van Jesus Christus. Vrugbaarheid op die land en in die gesinne was tekens van God se verbondsseën, terwyl die teendeel daarvan 'n bewys van verbondswraak was. Al hierdie tydelike seëninge was egter beelde van "betere dinge" wat ons in die Nuwe Testament belowe is in Jesus Christus. God het aan ons die bewys van sy guns vir altyd gelewer in die werk en heil van Jesus Christus. Ons word nou geseën met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus (Efesiërs 1:3).

Dit beteken nie dat die seën van die Here alleen maar op die "geestelike" lewe betrekking het nie. Inteendeel, ons is in ons hele bestaan, na liggaam en siel, die voorwerp van God se guns of onguns. Paulus skryf in 1 Timoteus 4:8 dat die godsaligheid vir alles nuttig is,

omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het. Ja, God gee ook beloftes mbt die teenwoordige lewe. Dis nie net die ewige heerlikheid in die hemel wat ons wag nie, maar ook tydens ons lewe hier op aarde sal God soos 'n Vader vir ons sorg en ons bly maak, solank Hy ons hier nog 'n plek en taak gee. Dink aan die bekende woorde van Matteus 6: Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge (naamlik:brood, kleding en onderdak) sal vir julle bygevoeg word.

Maar nou, in hierdie Nuwe Testamentiese bedeling mag ons nie meer sê, soos Israel wel mog doen, dat die seën van die Here onlosmaaklik aan vrugbaarheid op die land en in die gesin verbind is, en dat die gemis daarvan 'n bewys van God se toorn sou wees nie. Dit kan weleens juis omgekeerd wees. Christus het juis vir sy volgelinge gesê: “In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin”. (Johannes 16:33). As Christen kan jy verwag dat jy by tye allerlei dinge ter wille van Christus sal moet ontbeer. Hoe verskriklik is dit dan as jy jou geloof gebou het op beloftes van “health and wealth”. Hulle is nie so aan jou belowe nie. Gelukkig is hulle wat in die genade volhard, ook sonder gesondheid, rykdom of huislike geluk. Hy sal erfgenaam wees van hierdie en die toekomstige lewe.

Ja broers en susters, die situasie het in die Nuwe Testament met die koms van Christus verander. Tog bly die woorde van ons teks staan, solank as jy dit lees in die meerdere Nuwe Testamentiese lig. “Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel. Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy en dit gaan goed met jou.” As Christen deel jy immers in die goedheid van die Here wat sy son laat skyn oor goeies sowel as slegtes, wat sy skepping en skepsels van oomblik tot oomblik in stand hou. Maar oneindig meer nog: Jy is in en deur Christus ook God se kind. God is jou Vader en Vader het sy kind lief. Niks sal jou van sy liefde skei nie. Ook al beteken sy liefde dat Hy jou soms kasty en swaar beproef. Hy sorg vir sy kind en gee hom alles wat hy nodig het vir tyd en ewigheid. In en deur Christus is jy as kind van God ook erfgenaam van sy rykdomme (Romeine 8:16,17). Jy deel met ander woorde in die heerlikste seëninge denkbaar. Hoewel jy soms saam met Christus moet ly, mag jy ook daarvan seker wees dat jy saam met Hom verheerlik sal word. Pragtig vat Romeine 8:32 alles saam: “Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?” Alle genade, alle seëninge word ons gegee, om Christus wil.

Hoe heerlik en betekenisvol is dit dan vir ons om elke Sondag vanaf die kansel die seën van die Here te mag ontvang: “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees is met julle almal”. Die seën bestaan uiteindelik veral daarin dat God met jou is, in goeie en kwade dae. Dat jy mag geniet van die gemeenskap met die lewende, drie-enige God. Dat jy in Hom lewe ontvang nou en tot in ewigheid.

So kan ons saam met die digter die Psalm afsluit met die woorde: “Mag die Here jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem mag aanskou al die dae van jou lewe! En dat jy jou kindskinders mag aanskou! Vrede oor Israel!”

Let hier op die sentrale plek van Sion, Jerusalem, Israel, oftewel God se volk. Wat het Jerusalem met jou persoonlike en huislike geluk te make? Alles. Uit Sion kom alle seëninge van God in Christus. Bowendien, jy is lid van die volk van God. En God het aan sy volk sy beloftes gegee. En onder daardie volk van God, onder daardie vergaderde gemeente wil God sy seën uitdeel, die lewe tot in ewigheid. Daarom moet ’n mens die seën ook nie losmaak van die gemeenskap met God en sy volk nie. Dis nie los verkrygbaar nie. Ja, ’n mens kan los van God en sy volk soms baie aardse voorspoed en rykdom beleef. Ook huislike geluk en vrede. Maar is dit werklik die seën van die Here uit Sion, waarvan die teks praat? En dis tog daardie seën wat jy soek vir jouself en vir jou gesin? Die lewe tot in ewigheid? Daarom waarsku die Skrif ook teen die versuim van die onderlinge byeenkoms van God se volk. Daar wil die Here sy seën gee, vir jouself en vir jou kinders. Ja vir die kinders van die kerk.

Geliefdes, dis pragtig hoe die digter die persoonlike en die gemeenskaplike aan mekaar verbind. Hulle behoort by mekaar. Hulle is nou vervleg. Die digter sing van persoonlike geluk, van die genieting van die vrug op jou arbeid en van huislike geluk. Maar hy plaas dit binne die kader van God se volk, van Jerusalem, van Israel. Jou seën uit Sion staan nie op sy eie nie. Dit gaan nie net oor jou persoonlike geluk en voorspoed nie. Sodat jy dag en nag daarvoor besig is en geen tyd of aandag meer vir God se volk het nie. Dit kan nie bestaan met die seën van die Here uit Sion nie. Nee, daardie seën beoog juis die voorspoed van God se volk. “Mag die Here jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem mag aanskou al die dae van jou lewe”. Dit gaan vir jou oor die voorspoed van Jerusalem, die opbou en seën van God se volk. Jou geluk is die geluk van die kerk, en die geluk van die kerk is jou geluk. Elke lidmaat soek die welsyn van die hele liggaam.

So beweeg die digter in die laaste vers ook weer van die persoonlike na die gemeenskaplike. “En dat jy jou kindskinders mag aanskou.” Persoonliker kan dit nie. Jy mag daarna verlang om oupa en ouma te wees, om God se werk in die geslagte te sien. Dit is ’n seën. Maar dan onmiddellik daarna: “Vrede oor Israel”. Plaas jou persoonlike geluk binne die groot prentjie van God se verlossingswerk. Dit gaan uiteindelik oor die vrede en heil van God se volk. Die kinders van nou is die kerk van die toekoms. So word gebou aan die kerk van alle eeue. Wanneer dit goed gaan in die gesinne, dan gaan dit goed in die kerk, maar ook omgekeerd.

Gemeente, ek kan my voorstel dat dit soms moeilik is om Psalm 128 te lees of op jou lippe te neem. Jy moet maar teenspoed ervaar, werkloosheid, armoede, siekte, kinderloosheid, die verlies van ’n geliefde, die verlange na ’n huweliksmaat wat nie vir jou gegee word nie. ’n Mens kan soms terugverlang na die Ou Testament waar God dikwels sy seën in die vorm van aardse voorspoed belowe het. Tog, ook hier is die nuwe bedeling ryker as die ou bedeling. Ons leef in die dae van die vervulling. Ons mag Jesus Christus ken as ons Koning en Hoëpriester in die hemel wat elke oomblik sy geestelike seëninge oor ons uitgiet. In goeie en kwade dae. Christus het in sy volbragte werk die aanhoudende seën en vrede vir Israel gewaarborg. En Hy laat ons ook vandag dikwels geniet van allerlei tydelike weldade. Dink net aan die kinderseën wat Hy vir Glenn en Pauline gegee het en die doop wat vanoggend in ons midde mog plaasvind. En ook sonder huwelik en kinderseën mag ons medewerkers van God wees in die bou en onderhouding van sy kerk. Dit is ’n wonder wat groter is as die manier waarop ons mag saamwerk. God gebruik elkeen op sy eie manier

Daarom: welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel. Gelukkig is jy in die gemeenskap met die lewende God.

Amen.